



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

MUSIEK V1

FEBRUARIE/MAART 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 36 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A moet op hierdie vraestel beantwoord word in die spasies wat voorsien word. AFDELING B moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
3. Daar word aanbeveel dat AFDELING A slegs in potlood beantwoord word.
4. Die laaste bladsy van hierdie vraestel bestaan uit manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

NASIENROOSTER

AFDELING A			
VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
1	22		
2	8		
3	10		
4	8		
5	12		
SUBTOTAAL	60		
AFDELING B			
VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
6	8		
7 OF 8	14		
9	4		
10	4		
11	4		
12	6		
13	5		
14	5		
15	5		
16	5		
SUBTOTAAL	60		
GROOTTOTAAL: 120			

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en dan VRAAG 5.1 OF 5.2.

VRAAG 1

Bestudeer die volgende uittreksel (maat 26 tot 31) uit *The Hebrides Overture* deur Felix Mendelssohn-Bartholdy en beantwoord die vrae wat volg:

(a)

29

Flute

Oboe

Clarinet

Bassoon

D Horn

D Trumpet

Timpani

Violin I

Violin II

Viola

Violoncello

Double Bass.

(b)

(c)

*

p

p

p

1.1 Noem die toonsoort van hierdie uittreksel.


Antwoord: B mineur = 1 punt (1)

1.2 Noem die submediantmajeurtoonsoort van die hooftoonsoort van die uittreksel.

Antwoord: G majeur = 1 punt (1)

1.3 Transponeer maat 28 van die fluit 1-party twee oktawe laer vir altviool. Voeg die toonsoortteken by.

Antwoord:



Sleutel = 1 punt

Toonsoortteken = 1 punt

Note = minus ½ per maat vir verkeerde note = 2 punte (4)

1.4 Herskryf maat 26 van die eerste violparty vir fagot. Voeg die nuwe toonsoortteken by.

Antwoord:



Toonsoortteken = 1 punt

Notasie = 1 punt

(2)

1.5 Herskryf die kontrabasparty in maat 29 in saamgestelde vierslagmaat.

Antwoord:



Tydsoortteken = 1 punt


Notasie = 2 punte

(3)

- 1.6 Noem die akkoord wat gevorm word in maat 26, aangedui as (a) in die tjello- en kontrabaspartye EN noteer die akkoord in eerste omkering deur van die tenoorsleutel gebruik te maak.

Antwoord: mineurdrieklank/B mineurdrieklank (1)

Maat 26(a)



Naam van drieklank = 1 punt

Sleutel = 1 punt

Notasie = 1 punt

(2)

- 1.7 Identifiseer 'n plek waar 'n sekvens in die tjelloparty voorkom.

Antwoord:

Enige van die volgende:

Maat 26 tot 27 of 27 tot 28 of 30 tot 31

(1)

- 1.8 Noem die intervalle by die blokke gemerk (b) en (c).


Antwoord

(c) Mineur 10^{de} (saamgestelde 3^{de})

(d) Verminderde 14^{de} (saamgestelde 7^{de})

(2)

- 1.9 Noteer en noem die omkering van (c).



Antwoord: Vergrote 2^{de}

Notasie = a 1 punt

Naam van omkering = 12 punt

(2)

- 1.10 Beantwoord die volgende deur **A** of **B** te omkring.

- 1.10.1 Die A[#] in maat 29 van die altviool en tjelloparty is ...

A die leitoon van B mineur. ✓

B die leitoon van G majeur.

(1)

1.10.2 Wat word die nie-harmoniese noot $C^\#$, wat in die fluitparty in maat 29 met 'n asterisk gemerk is, genoem?

A Wisselnoot

B Deurgangsnoot \checkmark (1)

1.10.3 Die kadens wat in maat 29 en 30 gevorm word, is 'n ...

A volmaakte kadens in B mineur. \checkmark

B plagale kadens in A mineur. (1)
[22]

VRAAG 2

Bestudeer die fragment hieronder en volg die instruksies.

All I ask of you

from The Phantom of the Opera

Andrew Lloyd Webber
Lyrics by Charles Hart

- 2.1 Skryf die solfanotasië bokant die note van die solo-altpary van maat 1. Dui die do aan in die blokkie wat voorsien word.


Antwoord:

Doh is Db

(4)

Doh is D^b = 1 punt
Solfaname en ritme = 3 punte

3.2 F#-heeltoon-toonleer, afgaande in 4/4-tydmaat in die tenoorsleutel.



Antwoord: (voorbeeld)

OF



ens.

Enige aantal mate sal aanvaar word.

Notasie en ritme = 8 punte

Totaal = Half punt vir elke korrekte noot.

Half punt vir 'n korrekte ritme

(4)

3.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie van jou keuse.

Die blues-toonleer bestaan uit 'n verhoogde 3^{de}, 'n verlaagde 4^{de} en 'n verlaagde 7^{de} noot.




WAAR	ONWAAR
------	---------------

(1)
[10]

VRAAG 4




Gebruik EEN van die gegewe openingsmotiewe om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm te voltooi. Voeg dinamiese en artikulasietekens by.

Melodie vir Fluit



OF

Melodie vir Fagot



Antwoord

Nasientabel

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Korrekte gebruik van tydmaatteken	1	
Artikulasie/Dinamiek	2	
Musikaliteit	13	
Totaal	16 ÷ 2 = 8	

[8]

Beantwoord VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.

VRAAG 5.1

Bestudeer die Koraal hieronder en volg dan die instruksies.

KORAAL

Chord symbols for the first system: I, I⁶, V, IV, ii⁶, V, V

Chord symbols for the second system: V⁷, I

5.1.1 Besyfer die akkoorde by (a), (b) en (c) met Romeinse syfers in die spasies hieronder, byvoorbeeld D:V, D:IV⁶. (Enige korrekte standaardbesyfering sal aanvaar word.)

Antwoord:

(a) C:ii⁶

(b) C: vii⁶

(c) C: V⁴/₂, V⁷d

(3)

5.1.2 Voltooi die vierstemmige harmonisasie deur geskikte akkoorde te skryf, waar nodig.

(8)

5.1.3 Omkring 'n noot wat 'n vooruitneming op die partituur vorm. Dui dit duidelik aan met 'n **A**.

(1)

[12]

Antwoord:

Nasientabel

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
5.1.1 = 1 punt elk	3	
5.1.2 = 1 punt per akkoord = $10 \div 2 = 5$ V ⁷ akkoord	5 1	
5.3	1	
Musikaliteit	2	
Totaal		

Voorbeeldantwoord:

Chord symbols for the first system:

I I⁶ ii⁶ V vi IV vii^{o6} I⁶ IV₄⁶ I ii^{o6} V V V₂⁴

Chord symbols for the second system (A):

I⁶ I IV ii⁶ I₄⁶ V vi ii V V⁷ I

OF

VRAAG 5.2

Bestudeer die volgende en volg die instruksies.

A Jazzy tune

1 2 3 4

C⁷ G⁷/B A C

(a) (b)

5 6 7 8

C⁷/B^b Am⁷ G⁷

(c) (d) (e)

9 10 11 12

G⁹/A G⁷ C⁷ Cdim⁷ G⁷/B G

(f) (g)

13 14 15 16

C⁷ A⁷/C[#] D⁷ G⁷/B C

(f) (g)

- 5.2.1 Noem die akkoordsimbole by (a), (e) en (f), byvoorbeeld D min, A/C[#], D⁷, ensovoorts.

Antwoord:

(a) A⁷/C[#]

(e) D⁷/A

(f) G⁷

(3)

- 5.2.2 Voeg geskikte akkoorde by (b) en (d). Skryf akkoordsimbole bokant die melodieparty, byvoorbeeld D/F, B⁷, ensovoorts.

Antwoord: Verwys na die musiekpartituur. (Enige geskikte akkoorde en besyfering sal aanvaar word.)

Akkoord = 1 punt

Akkoordsimbool = 1 punt

(4)

- 5.2.3 Voltooi die bassleutelparty by (c) en (g) volgens die gegewe akkoordsimbole. Gebruik geskikte ritmepatrone volgens die gegewe styl van die werk.

Antwoord: Enige geskikte akkoorde sal aanvaar word. Kyk die partituur vir idees.

(4)

- 5.2.4 Omkring 'n wisselnoot (hulpnoot) op die partituur. Dui dit duidelik aan met 'n **Aux**.

Antwoord: (Enige korrekte wisselnoot sal aanvaar word).

(1)

[12]

Antwoord: Kyk partituur hieronder.
Enige korrekte akkoord sal vir VRAAG 5.2.2 aanvaar word.

A Jazzy tune

The musical score is written in 4/4 time and consists of four systems of piano accompaniment. Each system includes a treble clef staff with a melodic line and a bass clef staff with a bass line. Chords are indicated above the treble staff. The systems are labeled with measure numbers and chord symbols:

- System 1 (Measures 1-4):** Chords: C⁷, A⁷/C[#], A, G⁷/B, A, C. Bass line features a walking bass pattern with eighth notes.
- System 2 (Measures 5-8):** Chords: C⁷/B^b, Am⁷, D⁷/A, G⁷. Bass line continues the walking bass pattern.
- System 3 (Measures 9-12):** Chords: G⁹/A, G⁷, G⁷, C⁷, Cdim⁷, G⁷/B, G. Bass line continues the walking bass pattern.
- System 4 (Measures 13-16):** Chords: C⁷, A⁷/C[#], D⁷, G⁷/B, C. The piece concludes with a final chord in measure 16.

Labels (a) through (g) are placed below the bass line in measures 2, 3, 4, 5, 6, 10, and 11 respectively.

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Relevante antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, mag volgens die diskresie van die hoofnasiener aanvaar word.

VRAAG 6: JAZZ

Beskryf kortliks die belangrikheid van **ragtime** en **blues** in die ontwikkeling van jazz.

[8]**Antwoord: Ragtime**

- Ragtime is 'n gesinkopeerde klaviermusiekstyl wat gedurende 1890 tot ongeveer 1915 populêr was.
- Ragtime klaviermusiek is gewoonlik in 2/4-tyd en word in 'n matige tempo gespeel
- Die pianis se regterhand speel 'n hoogs gesinkopeerde melodie, terwyl die linkerhand die maatslag bepaal.
- Vroeë jazz-musikante het ragtimemelodieë dikwels as basis vir hulle improvisasies gebruik.
- Die sinkopasie, duidelike maatslag en klavierstyl is 'n belangrike agtergrond vir Jazz.
- Scott Joplin was 'n bekende Ragtime komponis.
- Joplin se bekendste klavierwerke sluit werke soos *Maple Leaf Rag* en *The Entertainer* in.

(4)**Antwoord: Blues**

- Blues vorm een van die bekendste fondasies vir Jazz.
 - Blues is 'n vorm van vokale en instrumentale musiek wat vanaf die 1920's dikwels gebruik was deur Jazz instrumentaliste en sangers
 - Vokale Blues gebruik 'n 12-maat vorm (AAB)
 - Jazzinstrumentaliste imiteer die voordragstyl van blues sangers en gebruik die harmoniese patron van die 12-maat blues as 'n basis vir improvisasie.
 - Blues was dikwels gebruik in vroeë (New Orleans) jazz.
- Voorbeelde is: *Dippermouth Blues* deur King Oliver en *West End Blues* deur Louis Armstrong.

(4)
[8]

Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8.**VRAAG 7: ROMANTIESE MUSIEK**

7.1 Beantwoord die volgende kortvrae met betrekking tot die vierde beweging van Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E mineur*:

7.1.1 Die tema van die vierde beweging van Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E mineur* is by 'n ander komponis geleen. Wie is hierdie komponis en uit watter werk is dit geleen?

Antwoord: Die melodie is geleen uit **Bach** se kantate *Unto Thee, O Lord, I Lift Up My Soul* (2)

7.1.2 Hoe het Brahms die oorspronklike melodie verander?

Antwoord: Brahms het 'n chromatiesenoot by die oorspronklike melodie gevoeg. (1)

7.1.3 Uit hoeveel note bestaan die tema?

Antwoord: Die tema bestaan uit agt note, elkeen 'n hele maat lank. (1)

7.1.4 Noem die toonsoortteken en tydmaatteken van die beweging. (2)

Antwoord:

- E mineur
- $\frac{3}{4}$ -tydmaat

(2)

7.1.5 Hoeveel variasies volg die tema?

Antwoord: Die vierde beweging van Brahms se Simfonie bevat 30 variasies. (1)

7.1.6 Wat is die vorm van die vierde beweging van Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E mineur*? (Byvoorbeeld ABACA koda)

Antwoord: Die beweging bestaan uit drie groot afdelings (seksies) en 'n koda: ABA' koda of drieledige vorm. (1)
[8]

7.2 Kies EEN van die volgende Romantiese komposisies:

<i>Polonaise in A mol majeur, Op. 53</i>	<i>Frédéric Chopin</i>
<i>Der Erlkönig</i>	<i>Franz Schubert</i>
<i>La Bohème</i>	<i>Giacomo Puccini</i>
<i>Vioolkonsert in E mineur, eerste beweging</i>	<i>Felix Mendelssohn</i>
<i>Die Moldau</i>	<i>Bedrich Smetana</i>

7.2.1 Noem die genre van die werk.

Polonaise in A flat majeur, Op. 53: Genre: Karakterstuk (1)

7.2.2 Noem VYF stylkenmerke van jou gekose werk.

- Die polonaise het oorspronklik as 'n statige dans vir die Poolse adelstand ontstaan. Die werk demonstreer dus musikale nasionalisme wat 'n spesifieke nasionaliteit identifiseer.
- Komposisie vir solo instrument wat 'n spesifieke atmosfeer uitbeeld – Statige **proessionele** dans.
- Maak gebruik van drieledige vorm met 'n kort koda.
- Die hooftema se begeleiding het 'n groot omvang van note.
- Die kontrasterende seksie B bestaan uit 'n marsagtige melodie wat deur herhaalde oktawe in die linkerhand begelei word.
- Dit is 'n kragtige en majestueuse werk met 'n groot verskeidenheid dinamiek en uitgebreide crescendos.
- Dit vereis 'n hoë graad van tegniese vaardigheid van die pianis.

OF7.2.1 *Der Erlkönig* Genre: Kunslied (1)

- 7.2.2
- Komposisie vir solostem en klavier.
 - Klavierbegeleiding vorm 'n integrale deel van die komponis se konsep en intepreter die styl van die musiek saam met die stem – suggereer die wilde perderit, spanning en die perd se gallop.
 - Die klavierbegeleiding dien ook om die verskillende episodes van die lied te kombineer.
 - Een sanger wat klink soos verskeie karakters.
 - Digkuns en musiek word saamgesmeld in die kunslied. (Duitse teks gebaseer op 'n gedig van Goethe.
 - Schubert gebruik deurgekomponeerde vorm om die ontwikkeling van die inhoud van die gedig uit te beeld.

OF

7.2.1 *La Bohème* Genre: Opera (1)

- 7.2.2
- Puccini het melodie met herkenbare kort en maklike frases gebruik.
 - Karakters en plot word uitgebeeld in die lied. Hoofkarakters is die jong digter Rodolfo en Mimi, wat 'n arm naaldwerkster is.
 - Hy maak gebruik van die orkes om die vokale melodie te versterk en om atmosfeer, landskap en stemming uit te beeld. Die romantiese orkes as die klassieke orkes en het ook meer in toonkleur gewissel.
 - Hy het die verskil tussen aria en resitatief verminder. Puccini skep eenheid en kontinuïteit deur dieselfde materiaal in verskillende bedrywe te gebruik.
 - Puccini was baie betrokke by die literêre en dramatiese kwaliteit van sy librettos.
- (5)

OF

7.2.1 *Viool Concerto in E mineur, eerste beweging.* Genre: Concerto (1)

- 7.2.2
- Die Concerto bied 'n unieke liriese en virtuose eenheid.
 - Bestaan uit drie bewegings wat deurlopend sonder 'n pouse gespeel word.
 - Beide die eerste en derde bewegings is in sonatevorm.
 - Goeie wisselwerking tussen die solis en orkes.
 - Die eerste beweging begin met die solis wat die tema speel met begeleiding deur die strykers. In tradisionele concertos sou die orkes begin het met 'n uitgebreide openingseksie.
 - Maak gebruik van 'n verskeidenheid dinamiese kontraste.
 - Gebruik ongewone instrumentale kombinasies.
 - Die cadenza is geplaas tussen die ontwikkeling en die heruiteensetting en vorm dus 'n integrale deel van die beweging.
- (5)

OF

- 7.2.1 *Die Moldau* Genre: Simfoniese toondig. (1)
- 7.2.2
- 'n Orkeskomposisie wat 'n spesifieke storie, beeld of idée uitbeeld deur middel van klank.
 - Die werk vorm deel van die siklus *Má Vlast* (My Land)
 - Die werk is beide 'n romantiese uitbeelding van die natuur of verteenwoordiging van Tjeggiese nasionalisme.
 - Kontrasterende musikale seksies wat verskillende idees en episodes in die program uitbeeld.
 - 'n repeterende volksagtige tema wat die rivier simboliseer.
 - Vinnig bewegende note beskryf die lopende water van die rivier.
 - Smetana gebruik musikale effekte om die vloeiende waterstroom, jagterstoneel, 'n plaasarbeider en die geweld van die branders uit te beeld.
 - Jag langs die rivierbedding word deur horingfanfares uitgebeeld.
 - Die plaasarbeider se troue word deur 'n landelike polka voorgestel.

(5)
[14]

OF

VRAAG 8

Jy is 'n komposisie-student in Mannheim. Die jaartal is 1886. Jy lê besoek af in Oostenryk, waar jy die eerste uitvoering van Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E mineur* bywoon.

Skryf 'n kritiese verslag oor die werk asook die uitvoering daarvan aan jou komposisie-onderwyser in Mannheim.

Sluit die volgende in:

- Jou persepsie van die kwaliteit van die werk, met motiverings vir jou antwoorde
- 'n Omvattende resensie oor die kwaliteit van die uitvoering
- Sluit 'n beskrywing van die stylkenmerke van die werk by jou verslag in.
- Motiveer hoekom jy graag sou wou hê dat die Mannheim-orke hierdie werk moet uitvoer.

[14]

Nasienriglyn vir VRAAG 8.

Punt	Beskrywing
12 – 14	Die opstel demonstreer die leerder se vermoë om Brahms se Simfonie krities en oordeelkundig te evalueer .
9 – 11	Die opstel demonstreer die leerder se vermoë om die simfonie te analiseer deur informasie weer te gee deur middel van toepassing, vergelyking en organisasie van kennis.
5 – 8	Die opstel demonstreer die leerder se insig van die Brahms Simfonie. Die leerder is in staat om idees en konsepte wat betrekking op die werk het, te verduidelik .
1 – 4	Die leerder se opstel reproduseer aangeleerde kennis – demonstreer geheue en terugroeping van kennis oor die simfonie.

VRAAG 9: TWINTIGSTE-EEUSE MUSIEK

- 9.1 Kies EEN **styl** uit KOLOM B om by EEN **komponis** in KOLOM A te pas. Skryf die letter van die styl wat jy bestudeer het (A – E) langs die vraagnommer (9.1.1 – 9.1.5) van die komponis neer, byvoorbeeld 9.1.6 F.

KOLOM A (KOMPONIS)		KOLOM B (STYL)	
9.1.1	Claude Debussy	A	Jazz
9.1.2	Igor Stravinsky	B	Musiekteater
9.1.3	Frederick Loewe	C	Impressionisme
9.1.4	Leonard Bernstein	D	Neoklassisisme
9.1.5	Andrew Lloyd Webber	E	Romantiek

Antwoord: Komponis

Claude Debussy

Igor Stravinsky

Frederick Loewe

Leonard Bernstein

Andrew Lloyd Weber

Styl

Impressionisme

Neo-Klassisisme

Musiekteater

Musiekteater

Musiekteater

(1)

9.2 Die stellings genommer (a) tot (m) is stylkenmerke van drie twintigste-eeuse musiekstyle, naamlik Impressionisme, Neoklassisisme en Musiekteater.

Kies DRIE stylkenmerke wat pas by die musiekstyl wat jy bestudeer het.

- (a) Musiek wat verbygaande stemminge en mistieke atmosfeer skep.
- (b) Musiekvorme en stylkenmerke uit vroeëre periodes, veral van die 18^{de} eeu, is gebruik.
- (c) Die musiek beklemtoon toonkleur, atmosfeer en vloei.
- (d) Dit gebruik eenvoudiger melodieë, harmonieë en vorme as opera, en bevat meer gesproke dialoog.
- (e) Die musiek klink vry en spontaan, byna improvisatories.
- (f) Dit is 'n soort teaterwerk wat probeer vermaak deur middel van 'n vermenging van 'n dramateks, toneelspel en gesproke dialoog met musiek, sang en dans, asook met dekor, kostuums en skouspel.
- (g) Komponiste beweeg weg van programmusiek en groot orkeste. Hulle verkies nieprogrammatiese (absolute) musiek vir kamer-ensembles.
- (h) Die werk is in twee bedrywe, waarvan die tweede korter is en sommige melodieë wat vroeër gehoor is, word weer gebruik.
- (i) Die gebruik van kerkmodusse, pentatoniese toonlere en heeltoon-toonlere het daartoe bygedra dat tonaliteitsbewustheid vervaag.
- (j) Die meeste musiek in hierdie styl was tonaal en het majeur- en mineurtoonlere gebruik.
- (k) Soliste word dikwels deur mikrofone versterk.
- (l) Die musiek toon ritmiese buigbaarheid.
- (m) Die styl word gekenmerk deur emosionele inperking, balans en helderheid.

Antwoord: Impressionisme: a; c; e; i; l
Neo-Klassisisme: b; g; j; m
Musiekteater: d; f; h; k

(3)
[4]

VRAAG 10: INTERNASIONALE POPULÊRE MUSIEK

Jy het EEN internasionale popgroep of kunstenaar bestudeer

10.1 Definieer die musiekstyl waarin hierdie kunstenaar/groep hoofsaaklik werk. (2)

10.2 Beskryf kortliks hoe hierdie kunstenaar/groep tot hierdie musiekstyl bygedra het. (2)
[4]

Antwoord: Definisie van musiekstyl

Heavy metal

- Word gekarakteriseer deur 'n dominerende kitaar- en dromklank, sterk ritmes en klassieke, blues of simfoniese style.
- Heavy metal behou egter eie stilistiese variasies wat dikwels hierdie karaktereienskappe weglaat.
- Word meesal gekenmerk deur 'n dromspeler, basspeler, ritmiese kitaarspeler, 'lead guitar' en 'n sanger(es) wat ook 'n instrumentalis kan wees.

- Klavierborde was gewild by die vroeë Heavy metal bands – veral die orrel en soms ook die melotroon – alhoewel dit deesdae minder gebruik word.
- Kitaarsolo speel 'n groot rol in Heavy metal. (2)

Kunstenaar/Groep se bydrae

- Antwoord:**
- **Metallica** gebruik verwronge versterkte klanke.
 - Die hoofrol van die kitaar stem dikwels saam met die tradisionele orkesleier (band leader) se rol van die vokalis wat musikale spanning veroorsaak. Beide die kitaar en sangers is ewe belangrik.
 - James Hetfield's se doelbewuste growwe sangstyl dra by tot 'n verskeidenheid sangstyle.
 - Vinnige tempo en komplekse verwerking. (2)

Antwoord: Definisie van musiekstyl

R&B

- Kontemporêre R&B is Amerikaanse populêre musiek.
- Alhoewel die akroniem "R&B" sy oorsprong het by die assosiasie met tradisionele ritmes en blues-musiek, word die term R&B vandag dikwels gebruik om na Afrika-Amerikaanse musiek te verwys na die afname van discomusiek in die 1980's.
- Hierdie nuwe styl kombineer elemente van soul, funk, pop en vanaf 1986 asook hip hop.
- Die afkorting R&B word meesal gebruik in plaas van die volledige ritme- en blues-term. Daar word ook dikwels verwys na die styl as verstedelike kontemporêre musiek of verstedelike popmusiek.
- Kontemporêre R&B het 'n vaardige elektroniese opnameproduksie styl, masjienagtige dromritmes en 'n oordadige vokale verwerkingstyl.
- Gebruike van hip hop-geïnspireerde maatslae is tipies, alhoewel die rofheid gewoonlik sagter afgerond word. (2)

Kunstenaar/Groepsbydrae

- Antwoord:**
- Michael Jackson se sukses in die musiekindustrie sluit 'n revolusionêre transformasie van musiekvideos in soos saamgevat in 1983 se Thriller. Ook dikwels genoem die beste musiekvideo van alle tye.
 - Hy is die eerste swart musikant met bewonderaars op MTV.
 - Sy uniek styl, liggaamsbewegings en sangstem het 'n hele generasie van hip hop, pop en R&B-kunstenaars soos Maria Carey, Usher, Britney Spears, Justin Timberlake en Chris Brown geïnspireer. (2)

Antwoord: Definisie van musiekstyl

Glam Rock

- Glam Rock is 'n onderafdeling van Rockmusiek.
- Glam Rock gebruik al die stylelemente van Rock en Heavy Metal, maar is heelwat ligter en vinniger.
- Glam Rock het ontstaan deur Marc Bolano van T. Rex-faam
- Kunstenaars gebruik grimering, uitsonderlike uitrustings en haarstyle. (2)

Kunstenaars/Groepsbydrae tot die Musiekstyl.

Antwoord:

- Die styl kom wyd voor gedurende die vyf dekades van rock en roll. David Bowie word wyd beskou as 'n invloedryke vernouer van die styl, veral in die 1970-jare se werk.
- In 1970 word *The Man Who Sold the World* van Bowie vrygestel waarin hy die akoesties kitaarklank van sy vroeëre albums weglaat en dit vervang met Heavy Rockbegeleiding.
- Na 'n driejaarperiode van eksperimentering kom hy weer na vore in 1972 gedurende die Glam-Rockera as 'n flambojante gewysigde kunstenaar met die treffer "*Starman*" en die album *The Rise and Fall of Ziggy Stardust en Spiders from Mars*. (2)

Antwoord: Definisie van musiekstyl

Britpop

- Britpop was gedurende die middle 1990's 'n Britse alternatiewe rockmusiekbeweging wat baie gewild in Groot Britanje was.
- Die beweging het ontstaan gedurende die vroeë 1990s, en word gekarakteriseer deur bands beïnvloed deur Britse kitaar popmusiek van die 1960's en 1970's.
- Die beweging het ontwikkel as teenreaksie teen verskeie musikale en kulturele ontwikkelinge in die laat 1980's,
- Met die ontstaan van die musicale oornam in die Verenigde Koninkryk deur populêre Amerikaanse bands soos Nirvana en Dinosaur Jr., het baie van die orkeste/groepe hulle bevestig teenoor musikale forse soos Britse kitaarmusiek van die verlede.
- Britpop orkeste/groepe is sterk beïnvloed deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's. (2)

Kunstenaar/Groepsbydrae

Antwoord:

- **Oasis** beskou Britse 'Invasion bands' soos The Beatles, The Who, The Rolling Stones en The Kinks as die belangrikste invloed op hulle musiek
- Hulle musiekstyl reflekteer 'n mate van verwysing na klanke van die verlede.
- Stilisties maak Oasis staat op opvallende uiterlike en skryf lirieke vir die Britse jongmense. (2)

Definisie van musiekstyl

Antwoord:**Girl/Boy Bands**

- Gedurende die 1990s en die 21ste eeu herleef Girl en Boybands.
- Musiek word gekenmerk deur 'n dansagtige maatslag, eenvoudige melodieë en herhalende struktuur sodat dit maklik herkenbaar is.
- Die Girl/Boy Bands word dikwels in massa bemark by groot opnamemaatskappye.
- Die invloed van R&B op Popmusiek kan dikwels in Boy/Girlbands gehoor word.

(2)

Kunstenaars/Groepsbydrae

Antwoord:

- **Spice Girls** het 'n Britse toekenning vir 'n Engelse Popmusiekgroep wat net uit meisies bestaan, ontvang.
- Die groep ontstaan gedurende 1994 in London en lei 'n era in waar vroue in populêre musiek ingelei en aanvaar word.
- Musiek is ritmies en opgewek.
- Word gekenmerk deur ensemblesang met korrekte afgeronde instrumentale verwerkings.
- Spice Girls stel hulle finale album *Forever in 2000* vry waarin 'n nuwer afgeronde R&B-klank waargeneem kan word.
- **Westlife** is 'n Ierse vokale groep wat gedurende 1998 ontstaan het.
- Musiek beïnvloed deur Boybands bv. *Boyzone* en *Take That*.
- Hulle klank beweeg van jeuggeoriënteerde Pop na hoofstroommusiek.
- Hulle musiekstyl word deesdae gekenmerk deur 'n volwasse mengsel van ballades en melodieë met 'n matige tempo.

(2)

(2)
[4]

VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPULÊRE MUSIEK

Kies EEN van die volgende Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars:

Mandoza, Lucky Dube of Steve Hofmeyr.

Noem VIER belangrike stykenmerke van die musiekstyl van jou gekose kunstenaar.

[4]

11.1 Mandoza

Antwoord:

- Kwaitostyl
- Lirieke: inhoud gekonstrueerd
- Lirieke word eerder geskreeu of op 'n spraakagtige manier gesing of gerap
- Sing in vier tale wat Afrikaans insluit
- Kombineer musiekstyle soos Hip Hop, Kwaito, Mbaqanga en tradisionele Afrikaanse musiek
- Donker stemklank
- Persoonlike voorkoms baie belangrik vir die kunstenaar

(4)

OF

11.2 **Lucky Dube**

Antwoord:

- Reggaestyl
- Sing in heelwat inheemse tale
- Interessante lirieke
- Baie kreatief
- Lirieke gebaseer op egte lewenservaringe.
- Musiek stel spirituele en politieke lewenstryd van die Suid-Afrikaanse populasie voer
- Sy sang word dikwels vergelyk met die van Peter Tosh

(4)

OF

11.3 Steve Hofmeyr

Antwoord:

- Rockstyl
- Sangstyl dikwels vergelyk met die van Neil Diamond
- Lirieke bevat outobiografiese sowel as digterlike karakters
- Sy musiek is 'n mengsel van 'n verskeidenheid musiekstyle wat Afrikaanse Rock en Pop sowel as Pop, Volksmusiek en Countrymusiek insluit
- Musiek suggereer musiek van Neil Diamond en Kris Kristofferson
- Baie bekend met Musiekteater
- 'n Veelsydige sanger

(4)
[4]**VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK****Beantwoord VRAAG 12.1 OF VRAAG 12.2 OF VRAAG 12.3.**12.1 **Kwaito**

Jy is 'n kwaito-musikant en jy is na 'n skool genooi om 'n praatjie oor kwaito-musiek te lewer. Wat sal jy aan die leerders sê?

Jou bespreking moet die volgende insluit:

- 'n Historiese oorsig
- Die musiek met verwysing na die invloede
- Die lirieke met verwysing na die taal wat gebruik is
- Uitvoering
- Lewenstyl

[6]

Antwoord:

- Kwaito ontstaan uit tuismusiek en ontwikkel gedurende die 1990's.
- Die benaming Kwaito kom van die Afrikaanse woord kwaai.
- Kwaitomusiek is gebaseer op tuismusiek, maar die tempo is stadiger.
- Gebruik diep baslyne.
- Sang dikwels geskreeu of gesing/praat eerder as gesing of gerap.
- Lirieke gewoonlik in Suid-Afrikaanse tale gesing.
- Meer as een taal kan tegelykertyd in dieselfde lied gebruik word.

- Isicamtho-(Suid-Afrikaanse slang) voorheen na verwys as tsotsitaal.
- Word voorgedra sonder instrumentasie.
- Gebruik voorafopgeneemde instrumentale begeleiding (backtracks)
- Kwaito is 'n voorstelling van 'n manier van lewe.

Musieklewe word uitgeleef in dans, gesprekke, kleredrag van die township.

(6)
[6]

OF

12.2 Musiek vir sosiale en kulturele geleenthede

12.2.1 Beskryf kortliks hoe melodie, improvisasie en begeleiding in tradisionele Afrika-musiek gebruik word.

(3)

Antwoord:

- Kort melodieë.
- Melodie verander soos verkies deur sangers en instrumentaliste.
- Enige persoon mag begin om te improviseer gedurende voordrag terwyl die ander spelers gewoonweg aanhou speel.
- Begeleiding kan bestaan uit akkoorde of kort melodieë wat herhaal word.

(3)

12.2.2 Gee TWEE voorbeelde van hoe ritmepatrone in tradisionele Afrika-musiekkomposisies geskep kan word.

(2)

Antwoord: Oorsprong van ritmes uit daaglikse aktiwiteite soos:

- Die gekap van byle
- Ritmiese beweging van vrouehande wat koring maal – skep 'n poliritme.
- Roeiende vissermanne gebruik 'n ritme en skep nuwe ritmes deur teen die kant van die boot met roeispane te klop.

(2)

12.2.3 Tradisionele Afrika-musiek kan vir vermaak gebruik word. Noem EEN ander gebruik van Afrika-musiek.

(1)
[6]

Antwoord

- Om die geboorte van 'n kind aan te kondig.
- Troues.
- Wanneer adolesensie begin.
- Dood en begrafnisse.
- Musiek by uitstappies.
- Oppas van vee en normale plaaswerk.
- Liedere ook gebruik om siektes te genees.
- Om reën te bring, vir politieke doeleindes en godsdienstige danse.
- Om met voorouers te kommunikeer.

(1)

Enige van die bogenoemde antwoorde

OF**12.3 Moppies en ghommaliédjies**

12.3.1 Bespreek moppies en ghommaliédjies kortliks met verwysing na EEN van die volgende twee begrippe:

- Ghommaritme
- Instrumentasie

Antwoord: Ghommaritme

- Liedere altyd begelei met 'n Ghommamaatslag wat bestaan uit twee sestienste note en 'n agstenootmaatslag en deur 'n Ghommatrom begelei word.
- Daar is 'n aaneenlopende tafa – te rhythm in die liedere.
- Die Ghommatrom vorm altyd deel van die orkes en speel die ritme deurgaans.

(2)

OF

Instrumentasie:

- Die Ghommatrom vorm deurgaans deel van die orkes. Speel die ritme. Die orkes bestaan uit 'n kitaar, mandolien, banjo en tjello.
- Viool en kontrabas word dikwels gebruik. Daar is 'n aaneenlopende tafa – te-ritme hoorbaar in die lied.

(2)

12.3.2 Moppies en ghommaliédjies word in twee kategorieë verdeel, naamlik simfonieë en blues.

- Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?
- Motiveer jou antwoord.

Antwoord: Moppies en Ghommaliedere word in vier kategorieë verdeel, naamlik

1. Tradisionele trouliedere
2. Nederlandse(Afrikaans) volksliedere
3. Humoristiese liedere
4. Ghomma – piekniekliedere

(4)
[6]

VRAAG 13: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE

Skryf 'n kort paragraaf oor die musiekbydrae van EEN van die Suid-Afrikaanse komponiste hieronder.

- Mzilikazi Khumalo
- Niel van der Watt
- SJ Khosa

[5]**Mzilikazi Khumalo**

- Antwoord:**
- Baie gedigte onder leiding van Charles Norburn toonset hy baie van BW Vilakazi se musiek en verbind pragtige musiek en digkuns.
 - Beoordeelaar by koorkompetisies soos ATASA Nasionale Eisteddfod, Ford Koorkompetisie en die Roodepoort Internasionale Eisteddfod van Suid-Afrika. Dra baie by tot die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse koormusiek.
 - Musiekdirekteur van die jaarlikse *Caltex Sowetan Nation Building Massed Choir Festival*.
 - Lektor by musiekkonferensies bv. “The Role of Traditional Music in the development of youth”.
 - Baie betrokke by nasiebou.
 - Komponeer die eerste swart Suid-Afrikaanse Opera, *Ushaka* waarin hy Zulu en Europese tradisies vermeng.
 - Ondervoorsitter van die SAMRO Board of Directors.
 - Suid-Afrikaanse ambassadeur deur Suid-Afrikaanse temas en koortradisies te vermeng met die internasionale wêreld.

Enige 5. (5)**OF****Niel van der Watt**

- Antwoord:**
- Komponeer op aanvraag.
 - Dra by tot die ontwikkeling van kamermusiek in Suid-Afrika
 - Dra by tot die ontwikkeling van orkesmusiek in Suid-Afrika.
 - Dra by tot die ontwikkeling van koormusiek met solowerke.
 - Van der Watt het heelwat tradisionele musiek vir koorwerke gekomponeer.
 - Toonset belangrike Afrikaanse gedigte vir musiek, bv. Die gedigte van Antjie Krog en N.P van Wyk Louw.
 - Alhoewel hy 'n Protestant is het hy ook 'n groot aantal Rooms-Katolieke liturgiese musiek gekomponeer wat twee Misse en 'n requiem insluit.
 - Sy werke word oor die wêreld uitgevoer, bv. Rusland, Réunion en Hong Kong.
 - Komposisies sluit iSekulêr, Godsdienstige, Tradisionele solo- en instrumentale werke in.

Enige 5. (5)**OF**

SJ Khosa

- Antwoord:**
- SJ Khosa het meer as 400 liedere voltooi.
 - Komponeer ongeveer 80 verwerkings van tradisionele volksmusiek..
 - In 1990 word 'n versameling van kinderlieder in Xitsonga en Engels gepubliseer en in 2004 'n liedereboek met die tittle *Ndzhaka ya tinsimu* – erfenisliedere.
 - In 2003 word hy deur SARRAL bekroon as liederekomponis van die jaar vir sy bydrae tot Suid-Afrikaanse koormusiek.
 - Hy is wel bekend as beoordelaar van koorkompetisies en as dirigent van massakore. Hy dirigeer die Lulekani Jeurkoor en ook die Xitsonga Tradisionele Groep.

Enige 5. (5)
[5]

VRAAG 14: SUID-AFRIKAANSE NASIONALE VOLKSLIED

14.1 Noem die komponis van *Nkosi Sikelel' iAfrika*.

Antwoord: Enoch Sontonga (1)

14.2 Hoeveel keer hoor jy 'South Africa' in die Nasionale Volkslied?

Antwoord: Drie keer (1)

14.3 In watter taal word die eerste twee reëls van die Nasionale Volkslied gesing?

Antwoord: Xhosa (1)

14.4 Watter bydrae het Zaidel-Rudolph tot die Nasionale Volkslied gelewer?

Antwoord: Zaidel-Rudolph het die Engelse woorde geskryf. (1)

14.5 Noem die toonsoorte van die twee gedeeltes van die Nasionale Volkslied.

Antwoord: Die eerste deel van die volkslied is in G majeur en die tweede in D majeur. (1)
[5]

VRAAG 15: SUID-AFRIKAANSE KOORMUSIEK

Kies EEN van die volgende koorwerke en beantwoord die vrae wat volg:

- *Gabi Gabi*
- *Plea for Africa*
- *Monna e Motenya*

15.1 Noem enige DRIE Afrika-koormusiekkenmerke wat betrekking het op die werk van jou keuse.

- Antwoord:**
- Roep en antwoord.
 - Herhaling.
 - Parallele intervale.
 - Gebruik van komplekse ritmes.
 - Of enige antwoorde van toepassing.
- (3)

15.2 Vir watter tipe sosiale byeenkoms sal jou keuse geskik wees, en hoekom?

- Antwoord: Monna e Motenya:**
- Troue, konsert of enige ander vreugdevolle byeenkoms.
 - Dit is humoristies, vermaak, lighartig en gelukkig.
- (2)

OF

- Antwoord: Plea for Africa:**
- Kerk, opening van parlement, inhuldigings, gradeplegtighede en ander ernstige okkasies.
 - Dit is ernstig, hartseer en sterk.
- (2)

OF

- Antwoord: Gabi, Gabi:**
- Kerk, troue, tradisionele seremonies, feesvierings en enige ander vrolike byeenkoms.
- (2)
[5]

VRAAG 16: MUSIEKINDUSTRIE

Jy het 'n lied gekomponeer wat tans op die televisie as 'n 'luitoon' geadverteer word. Beskryf kortliks die stappe wat die maatskappy moes neem om te voorkom dat jy regstappe teen hulle kan neem vir die gebruik van die lied.

- Antwoord:**
- Moet eers toestemming van jou kry om die 'luitoon' te speel.
 - Ooreenkoms moet bereik word tussen jou en die maatskappy oor die persentasie tantième wat verhaal word.
 - Jy moet in staat wees om die aantal kere wat die lied afgelaai word, op die internet te kontroleer.
 - Die lied kan slegs gebruik word soos ooreengekom op kontrak. Enige ander nuwe veranderinge moet eers met jou bespreek word.
 - 'n Ooreenkoms moet tussen jou en die maatskappy bereik word dat jy eintlik jou regte wegteken omdat jou naam nie gebruik sal word nie.
- (5)
[5]

TOTAAL AFDELING B: 60

GROOTTOTAAL: 120